




Dorothea-Nuus

- No. 1/2014 -

Nuusbrief van die **Dorothea-Sending** - 'n evangeliese geloofsending

Werksaam in: Suid-Afrika, Namibië, Zimbabwe, Zambië, Malawi en Mosambiek

('n Nie-winsgewende organisasie - reg. no. 039-294-NPO)



*"Gaan nou uit na die
straathoeke en nooi
soveel mense as
wat julle teenkom,
na die bruilofsfees toe."
(Matteus 22:9)*



In hierdie uitgawe:


BI 3: Voorberei vir diens.
Gesiglose getuies.

BI 4: Lewens word nuut
in die hospitaal.

BI 5: Opkomende kampe

BI 6: Verjaardag 2014

Ander: Nuus van
werkers en
gebedsversoeke.



Vit die hart

Enige een van ons sou moontlik aanstoot neem en verbaas wees as ons sou hoor dat die Here vir ons sê: “*Moenie nou verder bid nie!*” Ongetwyfeld was Josua ook eers verbaas toe die Here sy gebede onderbreek het met die woorde:

*“Staan op. Hoekom lê jy met jou gesig in die grond? Israel het gesondig...
Staan op, reinig die volk...”* (Josua 7:10-13).

Ons maak gebed 'n hoof-prioriteit in ons lewens en bediening en dis reg. Ons lewens moet inderdaad deurweek wees van gebed. Alles hang af van gebed, want alles hang af van die Here, Sy wil, Sy voorsiening en Sy toerusting. Maar daar was 'n tyd waar Josua aangesê was om op te staan van sy gebed en om eers aandag te gee aan 'n sekere praktiese saak.

Jesus het iets soortgelyk geleer in Matteus 5:24. As jy op pad is om jou gawe na die Here te bring en jy daar onthou dat jou broer iets teen jou het, moet jy die bring van jou gawe onderbreek en eers die saak tussen jou en jou broer hanteer. Vir die Here is die een saak meer belangrik as die ander een.

Terug na Josua se “onderbreking” - ons sien dat hy moes handel met 'n daad van ongehoorsaamheid voordat hy verder kon bid vir God se hulp in hulle situasie. Die Here sou nie Sy seën en hulp gee voordat die ongehoorsaamheid uitgesorteer was nie. In hierdie geval was Josua se mees dringende plig nie om nog 'n uur in gebed deur te bring nie. Hy moes opstaan en eers iets regstel.

Wanneer u, ons hoogs gewaardeerde voorbidders, en onself bid... moet ons dalk ook soms ons gebede onderbreek. In daardie geval moet ons opstaan en na daardie saak van ongehoorsaamheid omsien... en dan verder bid. Die Here wil ons gebede seën en wonderlike antwoorde gee, solank ons gewillig is om ons gebede te onderbreek wanneer dit nodig is.

In Sy diens

Jacques

Jacques Malan

Voorberei vir diens

Bybelkollege: Aan die einde van 2013 het drie studente hul opleiding by ons Bybelkollege voltooi. Tydens die plegtigheid wat gehou en deur familie en vriende bygewoon is, is hulle aan die Here se diens toegewy.

Jonas Mvula het by ons span in Zambië aangesluit terwyl Sinah Rabaji en Piet Matshabapala in Hartbeespoort en Schweizer-Reneke onderskeidelik in plaaslike gemeentes werksaam is. Ons dank die Here wat hulle by hierdie mylpaal gebring het en dit is ons gebed dat Hy hulle sal gebruik tot Sy eer.



Die gesiglose getuies

Media: As 'n mens agter die skerms werk, voel dit nie altyd asof jy ook uitreik met die evangelie nie. Tog weet ons dit is so en dit is bemoedigend. Die CDs met boodskappe wat ons dupliseer en uitstuur, sowel as die literatuur wat ons druk, gaan na plekke waar ons nie self kan kom nie. Een vrou was so geseën deur sommige van die boodskappe op CD, dat sy 'n hele aantal aangekoop en gratis versprei het.

Traktaatjies is 'n wonderlike hulpmiddel om die boodskap van verlossing te deel, selfs oor taalgrense heen, en die Bybelstudies help jong gelowiges om te groei in hulle verhouding met die Here. Die moontlikhede in hierdie afdeling is feitlik onbeperk aangesien daar 'n groot verskeidenheid behoeftes is. Ons het wysheid van die Here nodig hoe om vorentoe te beweeg.



Kinders word bereik

Malawi: Een van die vrouens het soos volg gedeel: Toe ek 'n tyd gelede met die Bybelklub begin het, was dit maar baie moeilik. Die kinders het baie min geweet van die Here en Sy Woord. Die Here was egter baie goed vir ons en daar het 'n groot verandering in hulle gekom soos wat hulle 'n beter begrip gekry het.

Ons het begin met minder as 15 kinders, maar nou is daar gewoonlik meer as 30 wat kom en van hulle is wedergebore. Tydens ons plaaslike verjaardaggeleentheid van die Sending laat in 2013, het die kinders deelgeneem aan die program deur Bybelverse op te sê en te sing. Bid asseblief dat die kinders mag groei in hulle geloof en hulle verhouding met die Here vir hulle baie kosbaar mag wees.

Lewens word nuut in die hospitaal

Hospitaalbediening: 'n Jong man wat fisies aangerand is, het tot bekering gekom terwyl hy in die hospitaal was. Hy het getuig van dit wat die Here vir hom gedoen het en is baie dankbaar dat die Here sy lewe gespaar het.

By 'n ander geleentheid het 'n medewerker en ek een van die sale binnegegaan en twee pasiënte genader. Albei van hulle was absoluut gereed om hulle vertroue in Christus te stel. Hulle het albei gesê dat hulle graag gered wil word sodat hulle hul lewens vir Christus kan leef. Ons kon hierdie twee mense help om hul lewens aan die Here oor te gee sodat hierdie “nuwe lewe” in aanvang kon neem.



Vitreik by Mhondoro

Zimbabwe: Ons het 'n evangelisasie-uitreik van 10 dae gehou by Mhondoro. Die mense in daardie area is in groot geestelike duisternis. Die bywoning was gemiddeld en veral die Christene was baie ywerig om die Woord te hoor. Mense het moeite gedoen om na die diens te kom, al was dit reënseisoen en het hulle ver ge-loop na werk.

By die laaste diens het die getuigenisse van die Christene wat seën ontvang het, ons grootliks bemoedig. Die tent wat ons van die Namibië-span af ontvang het, is vir ons 'n groot hulp met ons uitreike en ons dank die Here vir Sy voorsiening.

“Want ek skaam my nie oor die Evangelie van Christus nie, want dit is ‘n krag van God tot redding” (Romeine 1:16a).



Donasies

Graag wil ons u verseker dat ons altyd poog om alle donasies wat ons ontvang, persoonlik te erken. Dit gebeur egter soms dat daar nie voldoende inligting op die bankstaat verskyn om die donateur te identifiseer nie. Ons het meer onlangs ook meermale agtergekom dat pos soms weggraak - veral met stakings.

Indien u dalk nie 'n bedanking ontvang het nie, wil ons u verseker van ons opregte waardering en dat ons nie u gawe oor die hoof gesien het nie!

Indien u in enige stadium onseker is of u donasie ons bereik het, moet u asseblief nie huiwer om te vra nie. U bedanking behoort u so ses weke na die tyd te bereik, veral as u dit gepos het. Erkenning van direkte inbetalings neem gewoonlik langer, maar hierdie metode is darem ook veiliger. Nogmaals dankie!

Haar hand was nog aan die ploeg

Op 19 Desember 2013 het die Here **Anneliese Kropp** na haar ewige woning geneem na 'n relatiewe kort stryd met kanker. Die dokters het tevore verklaar dat sy skoon was van die kanker wat sy vier jaar tevore gehad het. In Oktober het daar egter 'n ander, vinnig groeiende kanker in haar mond ontwikkel.

Anneliese het in 1971 vanaf Duitsland na die Dorothea-Sending gekom. Sy het die verskillende gawes waarmee die Here haar geseën het, aan Hom gewy en gebruik in Sy werk. Sy het eers op verskillende plekke in Suid-Afrika gewerk en vanaf 1985 in Namibië. Interessant genoeg het sy reeds sedert haar kinderjare 'n roeping en las van die Here ervaar vir Namibië. Deur Sy wonderlike leiding het sy die grootste deel van haar bediening daar gehad.



Die Here het haar gawe vir musiek en sang gebruik om baie harte voor te berei vir die Evangelie. Haar praktiese aanleg was van onskatbare waarde in die werk. Die mees uitstaande was egter haar las vir siele. Omstandighede het nie veel saak gemaak nie - solank die mense net bereik kon word met die Evangelie.

Anneliese sou aan die einde van 2013 amptelik afgetree het van haar werksaamhede in die Dorothea-Sending, maar dit het die Here behaag om haar te kom haal terwyl haar hand nog aan die ploeg was. Ons het groot waardering vir haar onbaatsugtige diens en gee aan die Here al die eer vir 'n vrugbare lewe. Mag Hy meer mense roep om Hom op hierdie wyse te dien.

*“Vir die swakkes het ek soos 'n swakke geword om die swakkes te win;
vir almal het ek alles geword om in elk geval sommige te red.”
(1 Korintiërs 9:22)*

Kampe

Ons beplan om later vanjaar weer 'n manne- en 'n vrouekamp hier op ons sendingstasie, *Dorothea*, te hou.

Datums Vrouekamp: Vrydag 8 tot Sondag 10 Augustus.

Datums Mannekamp: Vrydag 22 tot Sondag 24 Augustus.

Aanvangstyd: Vrydagaand

Koste: R150 per persoon vir die naweek.

Taal: Engels en Tswana/Zoeloe.

Doel: Geestelike opbou van gelowiges.

Enige persoon wat graag meer wil uitvind of iemand wil verwys, is baie welkom om ons kantoor te kontak. (Sien bl. 8 vir kontakbesonderhede.)

'n Tyd om te kom en 'n tyd om te gaan rus




Jonas Mvula het in 1989 tot bekering gekom nadat hy geluister het na twee treffende boodskappe by 'n begrafnis van 'n mede-gemeentelid. Na die diens het hy nie vrede gehad nie en met sy predikant gaan praat. Dié het hom gehelp om sekerheid van saligheid te vind.

Sedertdien was hy 'n aktiewe getuie vir die Here en het later 'n leraar van 'n gemeente geword. In 'n stadium het hy traktaatjies van die Dorothea-Sending bekom om te gebruik in sy bediening en dit het hom 'n begeerte gegee om deel van hierdie werk te word. Toe hy later 'n nuusbrief ontvang, was dit vir hom 'n bevestiging.

Hy is getroud met Mary wat in 1999 by 'n evangelisasie-uitreik tot bekering gekom het. Hulle het drie kinders en het in Januarie by ons span in Zambië aangesluit.

Hy is getroud met Mary wat in 1999 by 'n evangelisasie-uitreik tot bekering gekom het. Hulle het drie kinders en het in Januarie by ons span in Zambië aangesluit.



Tennyson Nyirongo het in die laat sestigerjare by die Dorothea-Sending aangesluit nadat hy opleiding ontvang het by ons destydse Bybelskool in Harare, Zimbabwe. Na 'n paar jaar het hy ons verlaat en sekulêre werk gaan doen.

In 1998 het hy weer aansoek gedoen om in die werk opgeneem te word en sedertdien het hy 'n waardevolle inset gelewer in die span in Zambië - veral met kinderwerk. Hy is 'n unieke persoon met sy eie gawes. Dit was nooit vir hom 'n probleem om 'n Bybelklub te begin nie - die kinders het aanklank by hom gevind en hom maklik gevolg. Hy het 'n baie groot inset gelewer in die lewens van die kinders wat deur sy bediening geraak is. Mag die Here gee dat die geestelike lesse wat hulle geleer het, hulle lewenslank sal bybly.

Tennyson het in Desember 2013 afgetree en dit is ons gebed dat die Here hom steeds sal seën en gebruik. Hy sal sekerlik steeds uitreik na kinders in sy omgewing solank hy nog kan!



Verjaardag

Die verjaardag van die Dorothea-Sending sal hierdie jaar gehou word op
Saterdag 20 September, D.V.,
op ons sendingstasie, Dorothea, net buite Rosslyn.



Teken dit asseblief solank in u dagboek aan. Ons sal D.V. meer besonderhede gee in die volgende uitgawe.

Gebedsgids

Die Gebedsgids van die Dorothea-Sending word elke tweede jaar hersien en uitgestuur. Daar sal nie hierdie jaar een uitgaan nie, maar ons bring graag die volgende veranderinge onder u aandag:

Bladsy 1: Die Raad het onlangs besluit om die **direkteurskap** van die Dorothea-Sending ietwat te verander. Dit word nou beklee deur 'n liggaam van drie mededirekteure: Jacques Malan, Joseph Nota en Zandra Nel. 'n Rede vir hierdie verandering is dat die rol van direkteur van 'n organisasie soos die Dorothea-Sending 'n komplekse rol is wat dalk beter vervul sal word deur 'n span as deur 'n individu. Bid asseblief saam met ons vir die Here se seën op hierdie reëling en vir die drie mededirekteure waar hulle voortgaan op hierdie nuwe manier. Baie dankie.

Bladsy 5: Afgetrede werker **Willie Jacobs** het op 28 Januarie in sy slaap verhuis na sy Hemelse woning. Ons dank die Here dat hy goeie gesondheid geniet het tot op die einde en nie so verswak het dat hy gely het nie. Saam met Paulus kan ons ook van Oom Willie sê: “*Want om te lewe is vir my Christus, en om te sterwe is vir my wins*” (Filippense 1:21).

Bladsy 6: **Anneliese Kropp** is oorlede (sien bl. 5) en die werk in Namibië het gesluit.

Bladsy 8: In Zambië het **Tennyson Nyirongo** afgetree en **Jonas en Mary Mvula** by die span aangesluit (sien bl. 6).

Die ewigheid sal openbaar wat ons vriende se getroue voorbidding beteken het!

Administratiewe werker benodig

Die Dorothea-Sending het 'n voltydse administratiewe werker nodig op die sendingstasie *Dorothea*, 8 km. vanaf Rosslyn (naby Pretoria).

Die persoon moet:

- ♦ 'n Toegewyde Christen en 'n aktiewe lid van 'n evangeliese kerk wees.
- ♦ Ten volle tweetalig wees in Afrikaans en Engels.
- ♦ Rekenaargeletterd wees en meeste van die volgende programme kan gebruik: Word, Excel, Access, Publisher, Outlook en Corel Draw.

Verantwoordelikhede:

- ♦ Hantering van algemene korrespondensie, e-pos en telefoonoproepe.
- ♦ Saamstel en uitlê van die Sending nuusbriewe.
- ♦ Administratiewe bystand aan die leierskap.

Vir meer inligting, kontak ons asseblief by: office@dorothea.org.za

Gebedsversoeke

Mag ons vra dat u saam met ons sal bid vir die volgende spesifieke sake?

1. **Die volgende geleenthede** wat onder andere op ons program is:
 - * Van ons werkers is genooi om as sprekers by **Paaskonferensies** op te tree. Dit sluit in: die Malawi-span by Matawale en Jacques Malan naby Secunda.
 - * **Zambië:** By Chongwe (14-22 April) en by Chibombo (6-11 Mei)
 - * **Chokwe:** Chokwe (21 Apr-3 Mei) en by Abril en Ndonga (11-24 Mei).
 - * **Suid-Afrika:** Die Bybelkollegestudente en personeel sal D.V. van 18 Junie tot 2 Julie 'n uitreik hou by Sekororo (naby Tzaneen).
 - * Die beplande **konferensie vir die vroue** van ons buitelandse evangeliste wat op ons sendingstasie in Zimbabwe gehou sal word van 10 tot 16 Mei, D.V. Die vrouens van Malawi, Zambië, en Mosambiek sal almal daarheen reis asook twee van Suid-Afrika.
2. Dat die Here die drie mede-direkteure by ons **Hoofkantoor** wysheid sal gee in die hantering van sake.
3. Dat ons meer **CDs** met Bybelgefundeerde boodskappe in verskillende tale sal kan opneem vir verspreiding.
4. Dat diegene wat ons **korrespondensie Bybelstudies** gebruik, geestelike hulp en seën daardeur sal ontvang en dat hulle die hele reeks sal voltooi.
5. Dat die Sending steeds **effektief sal wees** in die veranderende tye waarin ons leef.
6. Bid dat die Here **bekwame mense** sal stuur om ons geleedere aan te vul.

*“Ek het my voorgeneem om met julle oor niks anders te praat nie as oor Jesus as die Christus, en wel oor Hom as die gekruisigde.”
(1 Korinthiërs 2:2)*

ONS KONTAKBESONDERHEDE:

Adres: Posbus 911-024, ROSSLYN 0200, Suid-Afrika

Telefoon: 012-560 2002 of 082-8967960 **E-pos:** office@dorothea.org.za

Webbladsy: www.dorothea.org.za

Die Dorothea-Nuus is ook per e-pos beskikbaar.

Na aanleiding van navrae wat ons van tyd tot tyd ontvang, verstrek ons hiermee die bankbesonderhede van die Dorothea-Sending:

Dorothea Mission, Standard Bank, Van der Waltstraattak, takkode 010145 en rekeningnommer 011030801.